Laerskool Kruinsig
Afrikaans Huistaal Gr.5
Datum: 14 September 2018 Tyd: 60 minute
Eksaminator: A Heydenrych
Moderator:

__________________________
M. Snyman



Instruksies:

- ♥ Skryf netjies en leesbaar.
- ♥ MAAK SEKER JY GEBRUIK DIE REGTE LEESSTUKKE!
- ♥ Skryf jou antwoorde op die antwoordblad.
- ♥ Maak dubbel seker van jou spelling!
- ♥ Beantwoord al die afdelings.
- ♥ Maak seker jou NAAM is op.

| Afdeling A : | Afdeling B : |
|---|---|
| Taalleer | Taalleer |
| Garfield | Boomklim |
| /20 | /15 |

# Afdeling A: Garfield

Lees die leesstuk en beantwoord die vrae:

## Garfield: veertig jaar se liefde vir Lasagne



(1) Die eerste Garfieldstrokie is op 19 Junie 1978 gepubliseer. (2) Die skrywer se naam is Jim Davis. (3) Vandag is Garfield een van die gewildste strokieskarakters. (4) Baie mense weet wie hierdie kat is.

### Garfield se begin:

(5) Garfield is op 19 Junie 1978 in 'n Italiaanse restaurant gebore. (6) Die eienaar van die restaurant het Garfield toe na 'n troeteldierwinkel geneem. (7) John Arbuckle het Garfield daar gekoop. Teks is aangepas: Morné Schaap BEELD 09 Junie 2018 (78 woorde)

**Vraag 1: Woordsoorte**

Soek die volgende woordsoorte en skryf dit neer:

1. Eienaam (sin 1) (1)
2. Hulpwerkwoord (sin 1) (1)
3. Byvoeglike naamwoord (sin 3) (1)
4. Telwoord (opskrif) (1)
5. Werkwoord (sin 7) (1)

**[5]**

**Vraag 2: Ontkenning**

Skryf die volgende sinne in die ontkenning:

1. Sin 4 (1)
2. Sin 7 (1)

**[2]**

## GARFIELD FEITE:



1. Die strokie verskyn in 2580 koerante en tydskrifte.
2. Jim Davis het Garfield na sy oupa, James Garfield Davis vernoem.
3. Jim Davis het vir Garfield geteken.
4. 'n Span kunstenaars het later die tekenwerk oorgeneem.

Teks is aangepas uit: Morné Schaap BEELD 09 Junie 2018 (48 woorde)

**Vraag 3: Sinsontleding**

1. Wat is die **gesegde** in **sin 1**? (1)
2. Wat is die **gesegde en onderwerp** in **sin 3**? (2)

**[3]**

**Vraag 4: Tye van die werkwoord**

1. Skryf **sin 1** in die **verlede tyd.** (1)
2. Skryf **sin 3** in die **toekomende tyd.** (1)

**[2]**

## Die eerste Garfield strokie:

**1 2 3**




(Erkenning aan Jim Davis)

**<u>Vraag 5: Direkte en indirekte rede:</u>**

1. Skryf **raampie 1** oor in die **<u>direkte rede</u>**. Maak gebruik van die regte leestekens. (1)
2. Skryf altwee die spraakborrels in raampie 3 oor in die **<u>indirekte rede.</u>** (3)

**[4]**

**<u>Vraag 6: Spelling</u>**

Onderstreep die woorde wat verkeerd gespel is in die onderstaande leesstuk. Maak die spelfoute reg en skryf dit op jou antwoordblad. Die volgorde van die woorde is nie belangrik nie.

John is 'n baie gooie baas. Garfield maak soms die lewe moelik vir arme John. Garfield is altyt honger. Hy eet graag sy friende se kos.



(4)

**[4]**

**TOTAAL 20**

# Afdeling B: 'n Goeie dag vir Boomklim.

**Lees die leesstuk en beantwoord die vrae:**




(1) Die Caretaker sug. (2) "Daar's baie dinge wat vir altyd behoort te wees. (3) Ek het in die kaap grootgeword. Distrik Ses. (4) Dit was goeie tye. (5) Distrik Ses was die soort plek wat sy eie geluide en reuke en smake gehad het. (6) As ek my oë toemaak, kan ek dit nog hoor en ruik en proe. (7) Op 'n ander manier was daai tye sleg want in die sewentigs het die regering besluit die bruin mense moes trek. (9) Teen daai tyd was ek al getroud en ek het in Johannesburg Noord gewerk. (10) Ek moes elke dag met die taxi ry. (11) My jonger boetie was nog by my ma hulle in die huis. (12) Hy en sy maats het voor die stootskrapers gaan lê, daardie dag toe hulle gekom het om die huise plat te stoot. (13) Ek probeer my indink hoe dit moet voel om op die grond te lê terwyl 'n reusagtige stootskraper op jou afgedreun kom. (14) "En het dit gewerk?" vra ek. (15) "Natuurlik nie, Marnus!" sê Leila ongeduldig. (16) "Het jy nog nooit van Distrik Ses gehoor nie?" (17) Oom John glimlag vir my. (18) "Nee, niemand het hulle aan my broer en sy maters gesteur nie. (19) Die polisie het hulle met sambokke verwilder en die huise is platgestoot. (20) Maar nou ja, dit is ander tye. (21) Ek het nie eers 'n foto of 'n video van daardie tyd nie. (22) Dis goed as iemand nog bereid is om te baklei vir 'n boom."

Teks aangepas uit: Jacobs, Jaco. 'n Goeie dag vir boomklim (Afrikaans Edition) (Kindle Locations 312-315). LAPA Uitgewers. Kindle Edition. (Woorde 240)

**Vraag 1: Woordeskat**

1. Baie mense het gedink dat Distrik Ses 'n **krotbuurt** was. Wat beteken die woord **krotbuurt**? (1)

2. Gee **sinonieme** vir die volgende woorde:
   a. goeie (sin 4) (1)
   b. reusagtige (sin 13) (1)
3. Gee **antonieme** vir die volgende woorde:
   a. jonger (sin 11) (1)
   b. ongeduldig (sin 15) (1)

**[5]**

**Vraag 2: Trappe van vergelyking**

Voltooi die tabel vir die trappe van vergelyking:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | **sleg** (sin 7) | (½) | (½) |
| 2. | (½) | **jonger** (sin 11) | (½) |
| 3. | **ongeduldig** (sin 15) | (½) | (½) |

**[3]**

**Vraag 3: Punktuasie en skryftekens**

1. Daar is in elkeen van die onderstaande sinne 'n woord wat eintlik met 'n **koppelteken** geskryf moet word. Skryf die woorde reg oor.
   a. sin 9 (1)
   b. sin 11 (1)
2. Gee die **meervoud** van **taxi** in sin 10. (1)
3. Gee die **verkleining** van:
   a. **foto** (sin 21) (1)
   b. **video** (sin 21) (1)
4. Maak die spelfout in **sin 3** reg. (1)
5. Skryf **sin 7** oor en vul die **komma** op die regte plek in. (1)

**[7]**

**TOTAAL 15**